BILTONG BULLETIN

Uitgawe 20 - April 2007

Groete aan alle lesers!

Soos elke maand, eers die nodige nuus: Om op die nuusbrief in of uit te teken, kommentaar te lewer of 'n bydrae te stuur, kontak ons by **alana@solidariteit.co.za**. Merk die epos "**INTEKEN**", "**UITTEKEN**" of met die onderwerp van julle keuse. Hierdie gratis nuusbrief verskyn maandeliks in beide Afrikaans en Engels en nuwe intekenaars is altyd welkom. Onthou ook dat ons ons adverteerders wel deeglik keur, maar geen waarborge vir hulle dienste kan voorsien nie en nie vir hulle aksies verantwoordelik gehou kan word nie.

Die nuusbrief is weer laat, maar hopelik so vol lekker leesstof dat julle nie te veel gaan omgee nie. Dankie vir julle geduld!

LEESHOEKIE

Daar is 'n wonderlike nuwe tydskrif vir boekwurms op die rak, naamlik ***Books & Leisure***:

Books & Leisure is the first-ever consumer magazine for all those book fanatics around **Southern Africa** who love to read. B&L is a quarterly magazine with over 200 book reviews, interviews with authors and other fascinating articles that deal with books and related subject matter. B&L takes books and reading where it's never been before – making it fun and desirable. This unique publication is targeted at all readers of magazines and books from all age groups. The magazine also features book club reviews and who is reading what. All the TOP 10 reads by all kinds of people, retailers, professions and MUCH more. The beauty about books is that they cover all genres and all topics – which means that there is something for everyone. The content comprises of 70% book issues, PLUS 30% leisure related topics that go hand-in-hand with books and reading. These include wine, food, travel and good living. Over 60 books to giveaway in the first issue and online. To add real excitement for those competition junkies B&L has a host of cunning crosswords relating to the magazine's content and the most popular titles. B&L is the perfect platform for publishers to reach their reading audience and expose all those marvellous new books, including the titles that often do not make it onto the store shelf. It is not only a magazine but a useful reference for all those books that are never reviewed anywhere else. Your reading experience is about to explode ... Visit **www.booksandleisure.co.za** today!

****

Wilma Coetzee laat weet: Ons het onlangs 'n Afrikaanse kindertydskrif op die been gebring. Die eerste uitgawe het in Augustus 2006 die lig gesien. Tans verskyn dit 5 keer per jaar en

belangstellendes kan teen R90-00 vir 5 uitgawes inteken. **Skatkis Kindertydskrif** is hoofsaaklik op laerskoolkinders gerig en bevat 32 bladsye volkleur artikels – opvoedkundig sowel as oor lewensvaardighede. **Skatkis** bevat inligting vir skooltake. Kinders leer byvoorbeeld hoe goeters werk, hoe 'n mens se liggaam aanmekaargesit is en hoe om 'n entrepreneur te word. Studiewenke en raad word vir onder meer stres gegee. Pret is ook deel van Skatkis – lekker resepte vir die aspirant-bak-en-brouer, oulike handwerkartikels, lekkerlees verhale en strokiesprente. Vir dié met aktiewe linkerbreine is daar breinoefeninge en raaisels. Tameletjie-sake soos hoe om maats te maak, hoe om die trauma van egskeiding te hanteer, en vele meer word bespreek en praktiese wenke word gegee. Hedendaagse wonderwerke word met die kinders gedeel en wenke oor hoe om te bid, word gegee. Al die artikels word vanuit 'n Christelike perspektief geskryf. Skole wat graag hulle leerders wil aanmoedig om in te teken op **Skatkis** kan kommissie verdien! Kontak ons vir meer besonderhede – Wilma Coetzee (Besturende Redakteur: Skatkis), **industat@lantic.net**, tel/faks 0027-16-9826331 of sel 0027-82-6940585. Besoek ook **www.skatkis.com**.

WEBWERWE

Ougat.co.za is 'n Afrikaanse internet gemeenskap wat fokus op die bevordering van Afrikaans, en die ontwikkeling van Afrikaanse entrepreneurskap. Die Ougat-webwerf verkoop produkte wat deur Afrikaanssprekendes ontwikkel is en/of waarvan die eindproduk Afrikaans is. **Ougat.co.za** bedryf, onder meer, allerlei sosiale programme soos Kletsgat ('n kletskanaal); Debatgat (Debat en redeneerforum); Opsitkers (Kupido/Paartjiemakerstelsel) en nog baie meer. Ons vereis dat lede by ons registreer maar registrasie is absoluut gratis. Ons lede kry toegang tot 'n gratis @ougat.com e-posadres met 'n faks-tot-eposfasiliteit wat hulle vrylik kan gebruik.

Enige persoon wat deur Biltong Bulletin op **Ougat.co.za** inteken, kry lewenslange gratis lidmaatskap (wat 'n @ougat.com e-posadres en faks-tot-eposfasiliteit insluit). Die normale pryse is R30-00 per maand van 1 Mei af. Plus, as die lid voor 31 Mei registreer, word hy of sy in ag geneem vir die trekking van 'n hele rits pryse. Sien www.Ougat.co.za se voorblad vir besonderhede (kortpad vir jou: **http://www.ougat.co.za/winkel/index.php?option=com_content&task=view&id=89&Itemid=136**.

****

Die Sentrum vir Geregtigheid en Misdaadvoorkoming het 'n nuwe webwerf waar algemene misdaadstatistieke in buurteenhede opgebreek word, geloods. 'n Mens kan dus gaan kyk hoe misdaad 'n spesifieke buurt raak – sien **www.cjcp.org.za**. Die polisie het ook pas 'n nuwe, interaktiewe webwerf geloods wat hulle bestaande webwerf aanvul. Die adres daarvan is **www.sapsjournalonline.gov.za**.

SAAK VAN DIE MAAND: "DIE HOOFSTAD SE NAAM IS PRETORIA", SÊ MINISTER PALLO JORDAN AAN AFRIFORUM

“Die hoofstad van Suid-Afrika se naam is Pretoria en Potchefstroom se naam is Potchefstroom.” Dié klarigheid is vandag deur die Minister van Kuns en Kultuur, doktor Pallo Jordan, gegee tydens ‘n vergadering in Pretoria tussen die minister en ‘n afvaardiging van AfriForum, die burgerregte-inisiatief wat deur Solidariteit gestig is. Jordan het ook tydens die vergadering aangedui dat hy nie enige besluit oor die verandering van Pretoria se naam sal neem terwyl emosies in die saak hoog loop soos tans nie. AfriForum se afvaardiging tydens die vergadering het bestaan uit Kallie Kriel en Alana Bailey van AfriForum, die sanger Steve Hofmeyr en Theo Venter van Aksie Potchefstroom.

Minister Jordan het verder tydens die vergadering onderneem om die burgemeester van die Tshwane Metroraad, dokter Gwen Ramokgopa, te versoek om met AfriForum in gesprek te tree om oplossings vir die Pretoria-naamdispuut te probeer vind. Jordan het hierdie onderneming gegee in reaksie op AfriForum se besware dat die burgemeester versoeke tot gesprekvoering ignoreer.

In reaksie op AfriForum se klagtes oor die eensydige besluite en aanbevelings rakende pleknaamveranderings deur die Suid-Afrikaanse Geografiese Nameraad (SAGNR), het Jordan aangedui dat hy die nominasieproses vir die samestelling van ‘n nuwe SAGNR sal heropen om te help verseker dat mense oor ‘n wye spektrum op die instelling kan dien.

Jordan het tydens die vergadering kennis geneem van die Louis Trichardt hofuitspraak en AfriForum en Aksie Potchefstroom se voornemens om Pretoria en Potchefstroom se name in die howe te verdedig. Alle partye het tydens die vergadering aangedui dat dit beter sou wees indien oplossings buite die howe vir naamgeskille gevind kon word. Die minister het aangedui dat hy ten gunste is van openbare deelname oor naamsveranderinge op plaaslike vlak.

Volgens Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, is hy gereserveerd positief oor die vordering wat tydens die vergadering met Jordan gemaak is. Die vooruitsig dat AfriForum en die Tshwane Metroraad uiteindelik op versoek van die minister oor die Pretoria-naamdispuut in gesprek sal kan begin tree, is na Kriel se mening ‘n besliste stap in die regte rigting. “Die feit dat Jordan na die vergadering op rekord is dat die hoofstad amptelik Pretoria heet en dat geen verandering plaasgevind het nie, sal AfriForum ook help in pogings om met die SABC TV-nuus in gesprek te tree oor die instansie se gebruik van die naam Tshwane in nuusbulletins,” het Kriel bygevoeg.

NATUURBEWARING

Neem ‘n Kaapse Papegaai aan – besoek **Birdlife Africa** se webwerf by **www.birdlife.org.za**. Vandeesmaand (Mei) val die kollig van **Birdlife Africa** se aktiwiteite veral op seevoëls en die webwerf vertel meer van projekte in die verband. Daar is kommer oor die toekoms van brilpikkewyn in Suid-Afrika na hulle getalle van 38 700 in 2004 tot 21 000 in 2006 afgeneem het.

****

Dr Guy Midgley van die SA Nasionale Biodiversiteitsinstituut waarsku dat 250-miljoen mense binne 13-jaar in Afrika (insluitend Suid-Afrika) ‘n ernstige watertekort gaan ervaar. Dit is 90% die gevolg van mensgedrewe veranderings.

SUID-AFRIKAANSE NUUSBROKKIES — APRIL / MEI 2007

- Al ingeteken op ***Biltong Happies***, ons daaglikse, gratis nuusbrief met 'n opsomming van die dag se hoofberigte uit *Beeld, Pretoria News, Business Day* en *Citizen*? Nie? Wel, teken dan dadelik in deur net 'n e-pos met die onderwerp "Happies" te stuur aan **alana@solidariteit.co.za**.
- Die tydskrif ***Insig*** verskyn die laaste keer in Mei 2007. Naspers het aangekondig dat dit na 20-jaar aan die mark onttrek word weens ekonomiese oorwegings.
- 'n Nuwe nasionale verkeersregistrasiestelsel bekend as eNaTIS is pas geïnstalleer. Dit is veronderstel om die hernuwing van bestuurders- en motorlisensies te vereenvoudig. Die stelsel "hang" egter gereeld en die Departement van Vervoer het vandag aangekondig dat motorlisensies in Junie 2007 met R30-00 verhoog word om die stelsel te betaal ... Motoriste is briesend, die hangende stelsel veroorsaak lang toue by lisensiekantore en 'n mens kan maar net hoop sake gaan gou verbeter!
- Volgens Synovate se *Domestic Tourism Barometer*, 'n marknavorsingsprojek wat op meer welvarende toeriste fokus, het die algemene tevredenheid van reisigers in Suid-Afrika in die eerste kwartaal van 2007 op 78% te staan gekom. In dieselfde tydperk in 2006 was dit egter 81%. Redes vir die daling is nie bekend nie.
- Helen Zille is die nuwe leier van die DA. Sy volg Tony Leon op en gaan ook steeds burgemeester van Kaapstad bly.
- Gauteng ondervind 'n tekort van sowat 175 skole.
- Veteraan aktrise Hannah Botha is in April oorlede. Sy het steeds in die sepie *Egoli* gespeel.
- Lindiwe Chibi, die sepie-ster wat in Muvhango gespeel het en sowat 2 jaar gelede in die gesig deur haar vriend geskiet is, is ook vandeesmaand oorlede. Na die voorval het sy nooit weer na die stel teruggekeer nie en is tuis deur vriende en familie versorg. Die aanvaller verskyn binnekort weer in die hof op 'n aanklag van poging tot moord.
- Eskom het aangedui dat 'n elektrisiteitstariefverhoging van 13-18% nodig is.
- Die IMF het aangekondig dat dit nie verwag dat Suid-Afrika vanjaar 'n ekonomiese groeikoers van 5% gaan haal nie.
- Drie Suid-Afrikaanse boeke is met *Gourmand* internasionale boekpryse bekroon. Hulle is *To the banqueting house* (beste kulinêre geskiedenisboek ter wêreld); *The essential guide to South African wines* (beste boek oor wyne uit die Nuwe Wêreld); en *Vin de Constance with Michel Roux Jr* (beste boek wat wyn en kos byeenbring).
- Die Suid-Afrikaanse rolstoelatleet Ernst van Dyk se segetog in die Bostonmaraton is gestuit. Hy het die maraton se afdeling vir gestremde atlete ses agtereenvolgende jare gewen, maar is vanjaar geklop deur Masazoemi Soejima van Japan en Krige Schabort van Suid-Afrika.
- Die Universiteit van Pretoria het in April 9 eredoktorsgrade toegeken, onder andere aan skrywer Elsa Joubert en hoofregter Arthur Chaskalson.
- Oor Paasnaweek (tussen 5 en 9 April 2007) is 276 mense in padongelukke in Suid-Afrika oorlede, teenoor 257 in 2006. 'n Groot aantal van hulle was beskonke voetgangers.
- In 2008 kry Suid-Afrika sy eerste internasionale danskompetisie, die SA Internasionale Balletkompetisie. Dit sal van 14 tot 19 Januarie 2008 in Kaapstad plaasvind. Navrae kan gerig word aan Dirk Badenhorst by **dirk@saibc.co.za**.
- Sanger Chris Chameleon gaan 'n erepenning van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy bydrae tot ligte Afrikaanse musiek ontvang. Die Akademie het die Hertzogprys vir letterkunde aan Marlene van Niekerk vir haar werk *Agaat* toegeken.
- 'n Musiekblyspel oor die lewe van Steve Hofmeyr kom teen die einde van die jaar op die planke. Steve sal homself daarin speel.
- Die gender-oudit van SA Nasionale Redakteursforum het bevind dat die aantal mans en vroue in die land se nuuskantore byna gelyk is, maar dat die topposte steeds hoofsaaklik deur mans beklee word.

- Transnet het aangekondig dat dit die Bloutrein wil verkoop as deel van sy herstruktureringsplan. Die koopprys sal na verwagting tussen R49- en R140-miljoen wees en Orient Express Hotels (aan wie die Mount Nelsonhotel in Kaapstad en die Westcliffhotel in Johannesburg onder meer behoort) stel moontlik belang.
- Given Chauke (12) van Shoshanguve het gesorg dat twee mense wat ‘n lewendige hond aan die brand steek, aan die pen ry. Sy getuienis in die hof het verseker dat hulle skuldig bevind is. Vir sy onverskrokke optrede het hy ‘n sertifikaat vir dapperheid van die Dierebeskermingsvereniging ontvang.
- ‘n Man is pas met R102 000-00 beboet nadat hy gevang is toe hy teen 295 km/h met ‘n ongelisensieerde motorfiets sonder nommerplate naby Scottburgh gejaag het. Dit is die hoogste boete wat nog in Kwazulu-Natal opgelê is. R50 000 van die boete is vir 5-jaar opgeskort.
- Die plaaslike aanvraag na sement het op ‘n jaargrondslag met 12% in Suid-Afrika toegeneem. Plaaslike sementvervaardigers verklaar egter dat daar geen plaaslike tekorte sal ontstaan voor 2010 nie. PPC het byvoorbeeld reeds R367-miljoen bestee aan nuwe aanlegte en ander aksies om die groter aanvraag te kan hanteer.
- Navorsing het onlangs bewys dat Kaapstad een van die 30 duurste stede is om eiendom in te koop. Die studie van die Knight Frank eiendomsgroep en Citi Private Bank het bevind dat huise aan die Atlantiese kus gemiddeld R42 151-00 per vierkante meter kos.
- Daar word tans hewig gedebatteer oor die voorgestelde Wet op Rolprente en Publikasies. Die Wet is sogenaamd voorgestel om kinderpornografie te kan beheer, maar medialeiers voel dat dit op ‘n herlewing van die verlede se drakoniese sensuurwetgewing sal neerkom, ongrondwetlik sal wees en mediavryheid ernstig aan bande sal kan lê. Lees meer oor hierdie wetgewing en debat by **www.news24.com**.
- ‘n Veldmuis het per ongeluk in die ateljees van radiostasie Highveld Stereo beland en chaos veroorsaak. Aanbieders gewaar hom gereeld en raak dan aan die gil oor die lug. Hy is “Sir Earl” gedoop na aanleiding van een van die aanbieders se liefde vir Earl Grey-tee. Hopelik sal hy binnekort gevang en in die natuur vrygelaat kan word.
- Die Suid-Afrikaanse bariton Jacques Imbrailo is tans in Covent Garden te sien waar hy optree in Benjamin Britten se opera *Owen Wingrave* saam met bekende internasionale operasterre. Hy is oorspronklik van Henneman in die Vrystaat afkomstig.
- Dertien van die wêreld se mees gevaarlike slange is onlangs per pos van die Tsjeggiese Republiek na ‘n adres in Gauteng gestuur. Poskantoorwerkers het onraad gemerk toe die pakkie begin “sis” het en die ontdekking is gemaak. Die owerhede in Suid-Afrika, Tsjeggië en Oostenryk ondersoek nou die onwettige smokkelary met die slange. Die slange is tans in kwarentyn in die dieretuin in Pretoria. Van die slange is lewensgevaarlik en geen teengif is vir hulle in die land beskikbaar nie.
- Van Mei af verskyn ‘n nuwe Afrikaanse Sondagkoerant genaamd *Sondag*. Dit is in poniekoerant-formaat en het ‘n ligter aanslag as *Rapport*.
- Daar is tans ‘n melktekort in Suid-Afrika weens die weersomstandighede, lae melkpryse en groot aantal boere wat suiwelboerdery vaarwel toeroep.

GRAPPIE ... IN PLAAS VAN GESKIEDENISBROKKIE

By gebrek aan ‘n stukkie uit die geskiedenis, ‘n lekker Afrikaanse grappie. Dalk het julle dit nog nie gesien nie. Dit is “vertalings” van rekenaarterme in Afrikaans vir mans:

Monitor - Wat jy doen wanneer jy 'n oog op die braaivuur hou.
Download - Haal die brandhout van die bakkie af.
Hard drive - Die rit huistoe sonder koue bier.
Keyboard - Waar jy jou bakkie se sleutels hang.
Window - Wat jy toemaak wanneer dit koud is.
Screen - Wat jy toemaak wanneer die muskiete kom.
Byte - Wat die muskiete aan jou doen.
Bit - Wat die muskiete aan jou gedoen het.

Mega byte - Wat die muskiete rondom die Limpoporivier doen.
Chip - Wat jy eet wanneer jy televisie kyk.
Micro chip - Wat in die sakkie oorbly wanneer die chips klaar is.
Dot Matrix - Oom Jan Matrix se vrou.
Laptop - Waar die kat slaap.
Software - Plastiek messe en vurke van KFC.
Hardware - Regte messe en vurke van Checkers.
Mouse - Wat die bokse in die tuinhuisie deurkou.
Mainframe - Wat die tuinhuisie regop hou.
Web - Wat spinnekoppe maak.
Website - Die tuinhuisie.
Cursor - Die ou oom wat so vloek.
Search engine - Wat jy doen as jou bakkie nie wil vat nie.
Yahoo - Wat jy sê wanneer die bakkie uiteindelik vat.
Upgrade - 'n Styl heuwel.
Server - Die meisie by die kroeg wat die slaai bring.
Mail server - Die ou by die kroeg wat die steaks en slapchips bring.
User - Die buurman wat aanhou om jou goed te leen.
Network - Wat jy doen wanneer jy jou visnet regmaak.
Internet - 'n Meer ingewikkelde manier om jou visnet reg te maak.
Netscape - Wanneer visse die gat in die net vind na jy dit reggemaak het.
Online - Wanneer jou vrou jou wasgoed uithang.
Offline - Wanneer sy alweer nie genoeg pennetjies gebruik het nie.

WELSYN

Die **Helpende Hand Fonds** het nou ’n eie webwerf – besoek **www.helpendehand.co.za** en lees meer oor hulle aktiwiteite om armes te help, voedingsprojekte, asook aksies teen kindermishandeling. Hulle het nou ook ’n gratis e-nuusbrief waarop ingeteken kan word.

RESEP VAN DIE MAAND

Eiervrug Hoofgereg



2 eiervrugte, geskil en in skywe van 5cm gesny
4 tamaties geskil en gekap
sout en gemaalde swartpeper
2ml tiemie
125ml gerasperde cheddarkaas
250ml melk
4 eetlepels botter
1 middelmatige ui, gekap
2 eetlepels fyngekapte pietersielie
1 groenrissie, gekap
2 eiers

Voorverhit die oond tot 180^{o}C. Smeer ‘n langwerpige oondvaste skottel. Plaas die eiervrug in ‘n vergiettes, besprinkel met sout en laat ‘n halfuur staan. Spoel af, dreineer en droog deeglik af. Besprinkel liggies met meelblom. Verhit 2 eetlepels botter en soteer die eiervrug daarin tot dit sag is. Verwyder en dreineer op ‘n papierdoek. Voeg die oorblywende botter in die pan en braai die tamatie en uie saam tot die vloeistof verdamp het. Plaas die eiervrug in ‘n gesmeerde oondvaste bak, besprinkel met sout, peper, pietersielie en tiemie. Bedek met die mengsel van

tamatie en uie, gevolg deur die groenrissie en heel bo-op die gerasperde kaas. Klop die eiers en melk saam en gooi dit oor die kaas. Bak 35 minute lank of totdat die mengsel van eier en melk stol en goudbruin word.

BRIEWE, MARKHOEKIE EN VERSOEKE

Ons vra weer dringend hulp asseblief. Die IVP hou binnekort 'n kongres oor die Suid-Afrikaanse breindrein waaraan die Kom Huistoe-Veldtog ook deelneem. Daar word beplan om tydens die kongres klankinsette te speel van mense wat tans in die buiteland is, maar nie kan of wil terugkom nie. Die kongres gaan oor wat gedoen moet word voordat Suid-Afrikaners sal terugkeer en al wat van deelnemers in die buiteland verwag word, is om te sê wat moet verander voor hulle sal oorweeg om terug te kom. As jy bereid is om so 'n inset te lewer, epos asseblief 'n foto van jouself en jou telefoonnommer in die buiteland aan ons by **alana@solidariteit.co.za**. Ons sal sorg dat jy geskakel word en die klankopname gemaak word, sodat dit by die kongres gespeel kan word. By voorbaat baie dankie aan almal wat bereid gaan wees om te help en hulle stemme te laat hoor vir 'n beter Suid-Afrika!

****

Vir inligting oor goedkoper vlugte tussen Australasië en Suid-Afrika kan ***Delia en Evert van Dijk*** steeds by **evertvandyk@worldonline.co.za** of 0027-12-3445748 gekontak word. Hulle is nou reeds besig om reëlings te tref vir Desember/Januarie 2008. Daar is tans ook afslag geleenthede om vanaf Johannesburg via Mauritius na Perth te vlieg**.**

****

Neville writes from New Zealand: Being in NZ for the past 6 years and am really gratefull to what we have achived over the past 6 years. The experience gained would never have being achieved back home, promotion and money. Thanks to NZ for my progress, I never forget where I come from and our sports boys. Still wear my colours with pride at all events.

****

Scott Calvert van die Johannesburgse kantoor van die Baltimore Sun skryf: *I am trying to find a family that has decided to emigrate BUT won't be leaving SA until maybe the end of the year and that has at least one teenage child (15- 19 years old). I'm interested in doing a story about such a family and am particularly interested in looking at the whole leaving from the perspective of a teenager. (I am doing several stories this year focusing on South African youth). Ideally, the family would be headed to the US since that's where my paper is, though I realize most go to Australia, UK, New Zealand or Canada. The closer they live to Johannesburg or Pretoria, the better for me just in terms of convenience. Do you know of a family that fits the above description? Or if not, could you suggest someone I could ask about it? Obviously the family and the teenager would have to agree to be interviewed for a newspaper story. Thanks for any assistance you can provide!* Scott kan direk gekontak word by **scottmcalvert@gmail.com**, tel 0027-72-1375735 of 0027-11-8806529.

****

In April het ons die volgende wonderlike aanbod van ***Adriaan du Plessis uit Australië ontvang***: *I am a psychologist in Australia, previously from SA. I wrote a little booklet on how to cope with immigration. You have a network of South Africans in different countries subscribing to your newsletter. If you think it is appropriate, you can forward the booklet electronically to interested parties free of charge. There might be some useful strategies in there to help them cope. I know your push is to get people back to SA. The reality is that very few will be able to. Meanwhile we have to manage. It is easier if we support each other. Hopefully this will be helpful.* Almal wat die boekie elektronies wil ontvang, kan 'n e-pos aan ons stuur by **alana@solidariteit.co.za** met die onderwerp BOEKIE. Ons beklemtoon graag weer dat dit gratis is. Adriaan sê hy is te besig om self met mense te skakel, maar die boekie behoort hulle ten volle te kan help. Baie, baie dankie Adriaan – ons waardeer die inset geweldig baie en stem saam dat onderlinge skakeling en ondersteuning net so nodig soos die Kom Huistoe-Veldtog is!

****

Teen hierdie tyd het baie van julle wat nog as belastingbetalers in Suid-Afrika geregistreer is seker al gewonder wanneer julle julle 2007-belastingopgawes gaan ontvang. Die inkomstebelastingopgawes vir individue gaan vanjaar eers op 15 Julie deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens uitgereik word. Die vorige jaar (mag julle onthou) moes die opgawes reeds op 14 Julie ingedien gewees het! Vanjaar moet die opgawes voor of op 31 Oktober ingedien word. 'n Verdere uitstel behoort weer moontlik te wees (verdere duidelikheid hieroor sal eers later bekend gemaak word). Trust- en maatskappy-opgawes gaan eers op 31 Augustus uitgereik word en kan tussen 6 en 12 maande na die betrokke entiteit se jaareinde ingedien word. Julle is welkom om **Fanus Jonck** by **tax@jonck.net** te kontak vir verdere belastingnavrae of bystand.

Baie groete en beste wense uit 'n BLOU Pretoria waar rugbykoors hoog loop!

Alana & kollegas
AfriForum
[www.komhuistoe.co.za / alana@solidariteit.co.za]